NWU®

Studentenommer: | | | | | | | |

## ONDERNEMING DEUR DIE STUDENT EN PERSOON VERANTWOORDELIK VIR REKENING

1. Ek verklaar dat ek/my seun/dogter (hierna genoem die student) die vorm volledig ingevul het en dat alle besonderhede wat verskaf is, waar en korrek is.
2. Ek wil graag hê dat die student in een van die universiteitskoshuise as 'n inwonende student geplaas word. Indien ek/ die student tydens my/die student se verblyf in die koshuis dringende mediese behandeling benodig, magtig ek die huisvader of sy plaasvervanger om 'n praktiserende mediese dokter of spesialis in te roep. Indien 'n noodoperasie of ander behandeling vereis word, magtig ek die huisvader of sy plaasvervanger om die vereiste skriftelike toestemming namens my/die student te verskaf. (Nie van toepassing op afstandsonderrig nie).
3. Ek/ons, die ondergetekende, sal verantwoordelik wees vir die stiptelike betaling van alle en enige gelde betaalbaar aan die NWU in gevolge my/die student se inskrywing en/of verbintenis met die NWU, nou en in die toekoms, soos meer volledig uiteengesit in die brosjure getiteld "Betaalbare Gelde en Finansiële Reëls" soos deur die Universiteitsraad vasgestel en gewysig van tyd tot tyd. Die inhoud van hierdie brosjure vorm die grondslag van die finansiële ooreenkoms tussen my/ons en die universiteit en word beskou as algeheel ingesluit binne hierdie ooreenkoms.
4. Ek verleen toestemming dat 'n studentekaart aan my/die student uitgereik word en ek aanvaar verantwoordelikheid vir alle finansiële en ander transaksies wat onderhandel en aangegaan word by wyse van sodanige kaart.
5. Indien ek/die student versuim om betalings op voorafgestelde betaaldagdatums te maak en die Universiteit dan, na die Universiteit se eie goeddunke, enige geldelike bedrag vir invordering aan prokureurs oorhandig, onderneem ek om alle koste van watter aard ook al wat uitstaande en betaalbaar is, ingesluit opsporingsgelde, advokaatsgelde en enige uitgawes van watter aard ook al gebaseer op 'n prokureur-en-eie-kliënteskaal, te betaal. Enige gelde wat deur my/die student betaalbaar is, sal eers verreken word teen die voorafgaande koste, daarna teen rente en slegs dan teen die kapitaalbedrag. 'n Skuldinvorderingsbeslagleggingsbevel mag ook onmiddellik teen my/ons werkgewer(s) uitgereik word om op my/ons salaris(se) of loon/lone beslag te lê ten einde die uitstaande bedrag in die geheel of in paaiemente in te vorder.
6. Enige bedrag wat aan die Universiteit verskuldig en betaalbaar is ooreenkomstig die Universiteit se finansiële reglement soos gepubliseer in die brosjure getitel "Betaalbare Gelde en Finansiële Reëls", mag vasgestel en bewys word deur 'n gemagtigde amptenaar van die Universiteit. So 'n sertifikaat sal bindend wees en sal dien as prima facie bewys van die omvang en verskuldigdheid van sodanige bedrag, tensy en totdat die teendeel bewys is.
7. Ek verbind my hiermee afsonderlik en gesamentlik en in solidum saam met die student om al die voorwaardes wat hierin vervat is en meer volledig in die borgstelling uiteengesit is wat in afdeling 1 vervat is, na behore na te kom.
8. Hierdie voorwaardes is geldig en van krag vir die volle duur van my/die student se inskrywing as student by die Universiteit en daarna totdat alle verpligtinge ingevolge daarvan nagekom is.
9. Ek het my vergewis van en onderwerp my aan alle reëls en regulasies soos vervat in die brosjures en in die Universiteit se Institusionele Statuut wat deel van hierdie ooreenkoms uitmaak en/of soos dit van tyd tot tyd aangepas mag word.
10. Potchefstroom word beskou as die plek waar hierdie ooreenkoms ontstaan het, ongeag waar dit onderteken word
11. Ek begryp dat die Universiteit alle redelike stappe sal doen om te verhoed dat ek/die student beseer of benadeel word weens enige besering of skade, ongeag of dit deur die nalatigheid van die Universiteit of enige van sy personeellede, of 'n mede-student veroorsaak is al dan nie, en ek onderneem om geen eis teen die Universiteit ingevolge sodanige besering of skade in te stel nie. Ek onderneem verder om die Universiteit te vrywaar indien die Universiteit enige aanspreeklikheid opdoen as gevolg van enige nalatigheid of versuim deur my/die student.
12. Ek/die student, my/sy/haar afhanklikes, eksekuteur, administrateur en/of oordragnemers verbeur hiermee en vrywaar die Universiteit teen enige eis of skade van welke aard ook al wat mag ontstaan op of buite die kampusse van die Universiteit tydens my/die student se studietydperk aan die Universiteit.

Geteken op hierdie [Kies dag] dag van [Kies Maand] [Kies jaar]

| | |
|---|---|
| HANDTEKENING VAN OUER/VOOG/BORG/<br>PERSOON VERANTWOORDELIK VIR REKENING | HANDTEKENING VAN STUDENT |
| NAAM EN VAN - (in drukskrif asseblief) | NAAM EN VAN - (in drukskrif asseblief) |
| IDENTITEITSNOMMER | IDENTITEITSNOMMER |